3. Noodsaaklike telefoonoproep: Die werklike koste daarvan plus per vyf minute of gedeelte daarvan—
  - (a) deur 'n prokureur.....[R119,00]R130,00
  - (b) deur 'n kandidaatprokureur .....[R37,00]R40,00
4. ...
5. Getuienis: Billike en redelike vorderings en uitgawes wat volgens die mening van die takseermeester behoorlik aangegaan is vir die verkryging van die getuienis en die bywoning van getuies wie se getuiegelde by taksasie toegestaan is: Met dien verstande dat die voorbereidingsgelde van 'n getuie nie sonder 'n bevel van die hof of die toestemming van alle belanghebbende partye toegestaan word nie.

#### E – KOSTEREKENING

In verband met 'n kosterekening vir dienste gelewer deur 'n prokureur, is die prokureur daarop geregtig om te vorder:

1. Vir die opstel van die kosterekening, die maak van die nodige afskrifte en opwagting by afrekening, 11 persent van die prokureursgelde, hetsy soos gevra in die kosterekening indien nie getakseer nie, of soos toegestaan by taksasie.
2. Benewens die gelde kragtens paragraaf 1 gehef, indien tot taksasie oorgegaan word vir reëling en behartiging van taksasie, en verkryging van toestemming tot taksasie, 11 persent op die eerste R10 000.00 of gedeelte daarvan, 6 persent op die volgende R10 000.00 of gedeelte daarvan en 3 persent op die balans van die totale bedrag van die rekening.
3. (a) Wanneer 'n prokureur van die dienste van 'n ander persoon gebruik maak om sy of haar kosterekening op te stel, moet daardie kosterekening van 'n sertifikaat vergesel gaan waarin daardie prokureur sertifiseer dat—
  - (i) die kosterekening aldus opgestel, behoorlik deur hom of haar nagegaan en korrek bevind is; en
  - (ii) elke beskrywing in sodanige rekening met betrekking tot werk, tye en syfers in ooreenstemming is met dit wat noodsaaklikerwys deur hom of haar verrig is.
- (b) Die takseermeester kan—
  - (i) wanneer hy of sy oortuig is dat aan een of meer vereistes bedoel in item 3(a) nie voldoen is nie, weier om so 'n rekening te takseer;
  - (ii) wanneer hy of sy oortuig is dat gelde in 'n party-en-partykosterekening gevorder word —
    - (aa) vir werk wat nie gedoen is nie;
    - (bb) vir werk waarvoor gelde in 'n prokureur-en-kliëntekosterekening gevorder moet word; of
    - (cc) wat buitensporig hoog is,

die prokureur die vergoeding bedoel in items 1 en 2 van hierdie afdeling ontsê, indien meer as 20 persent van die aantal items in die kosterekening, insluitend uitgawes, of van die totale bedrag van die kosterekening, insluitend uitgawes, afgetakseer word.

**OPMERKING:** Die minimum gelde onder items 1 en 2 is ~~[R284,00]~~R309,50 per item.

#### F - TENUITVOERLEGGING

1. Opstel, uitreiking en uitvoering van 'n lasbrief vir eksekusie en alle opwagtinge in verband daarmee, uitgesonderd baljugelede

	indien nie getakseer nie).....	[R710,00]R772,00
2.	Heruitreiking.....	[R179,00]R194,00"

### Vervanging van reël 71 van die Reëls

21. Reël 71 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

#### "71 Herroeping van reëls

Alle reëls uitgevaardig kragtens 'n by artikel [ses-en-veertig] 46 van die Wet herroep wetsbepaling, of kragtens paragraaf (a) van subartikel (2) van artikel [drie-en-veertig] 43 van die Wet, soos vervang deur artikel [elf] 11 van die Wysigingswet op die Hooggeregshof, 1963 (Wet No. 85 van 1963), waarby die verrigtinge van die onderskeie provinsiale en plaaslike afdelings gereël word, word kragtens subartikel (5) van artikel [drie-en-veertig] 43 van die Wet hierby herroep, behalwe vir sover in die bylae aangedui word."

### Wysiging van die Eerste Bylae by die Reëls

22. Die Eerste Bylae by die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur Vorm 1 deur die volgende Vorm te vervang:

#### "VORM 1

#### EDIKTALE DAGVAARDING: VERKORTE VORM VAN PROSESSTRUK

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

AAN:

A ..... B ..... (geslag) ..... (beroep)  
voorheen woonagtig te ....., maar wie se huidige verblyfplek  
onbekend is:

NEEM KENNIS dat u, deur middel van 'n dagvaarding wat by hierdie hof uitgeneem is, opgeroep is om kennis te gee, binne .....dae na die publikasie hiervan, aan die griffier

25

en aan die eiser se prokureur, van u voorneme om te verdedig (indien u aldus van voorneme is) in 'n aksie waarin

- (a) .....  
 (b) .....  
 (c) .....

NEEM VERDER KENNIS dat indien u versuim om aldus kennis te gee, uitspraak teen u gedoen kan word sonder verdere verwysing na u.

GEDATEER te ..... hierdie .....dag van .....[19] 20...

.....  
 Griffier van die Hooggeregshof

.....  
 Eiser se Prokureur

Adres vir betekening:

.....  
 .....

(b) deur Vorm 2A deur die volgende Vorm te vervang:

"VORM 2A

**KENNISGEWING VAN AANSOEK OM ONROERENDE GOED VATBAAR VIR  
 UITWINNING INGEVOLGE REËL 46A TE VERKLAAR**

In die Hooggeregshof van Suid-Afrika  
 (..... Afdeling

Saak No. ....

In die aangeleentheid tussen:

..... Applikant  
 en

..... Respondent

Neem asseblief kennis dat die applikant hierin voornemens is om by die bogenoemde Agbare Hof op ..... om ..... of so gou daarna as wat die aangeleentheid aangehoor kan word, aansoek te doen om 'n bevel luidens die volgende

- (a) .....  
 (b) .....  
 (c) .....

En neem kennis dat—

- (a) die beëdigde verklaring van ..... hierby aangeheg, saam met aanhangsels daarby, ter ondersteuning van die aansoek gebruik sal word; en  
 (b) die applikant die adres hieronder aanwys as die adres waar betekening van dokumente in hierdie aansoek aanvaar sal word.

Die/enige respondēt kan die aansoek verdedig of tersaaklike verhoë aan die hof rig. 'n Respondēt wat dit wil doen moet—

- (a) sodanige verdediging of verhoë in 'n beëdigde verklaring uiteensit;
- (b) 'n afskrif van die beëdigde verklaring aan die applikant/prokureur beteken en die oorspronklike liasseer by die griffier van die bogenoemde hof binne 10 dae vanaf betekening van hierdie aansoek kennisgewing;
- (c) saam met betekening en liassering van die beëdigde verklaring, 'n adres binne [15] 25 kilometer van die kantoor van die griffier van die bogenoemde hof en 'n elektroniese posadres, waar beskikbaar aanwys, by enige een waarvan [waar] dokumente aan die respondēt beteken kan word, asook sodanige respondēt se posadresse of faksimile-adresse, waar beskikbaar; en
- (d) voor die bogenoemde hof verskyn op .....
- 'n Respondēt wat die aansoek verdedig moet benewens daardie respondēt se beëdigde verklaring—

- (a) die bewerings deur die applikant gemaak erken of ontken; en
- (b) die redes stel vir die verdediging van die aansoek en die gronde uiteensit waarop die verdediging gegrond is.

Versuim deur 'n respondēt om enige van die dinge in hierdie aansoek kennisgewing genoem te doen, kan daartoe lei dat die hof die bevel waarvoor hierbo gevra word, toestaan.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van  
..... 20.....

.....  
Applikant/sy of haar prokureur

Adres: .....

Aan: Die Griffier van die Hooggeregshof

En aan:

..... Respondēt

Adres: .....

....."

- (c) deur Vorm 3 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 3**  
**DAGVAARDING: VOORLOPIGE VONNIS**  
**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**  
(..... AFDELING)

27

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

Aan die balju:

STEL A ..... B ..... (geslag),  
 ..... (beroep), van ..... ( woon- of  
 besigheidsplek) hierna die verweerder genoem, in kennis:

(1) dat hy of sy hierby opgeroep word om onmiddellik aan C .....  
 D ..... (geslag) ..... (beroep), van ..... ( woon-  
 of besigheidsplek) .....(hierna die eiser genoem) 'n bedrag van  
 ..... moet betaal tesame met rente daarop bereken teen ..... persent per jaar  
 vanaf ....., deur die eiser gevorder op grond van ..... (sit die skuldoorsaak  
 hier uiteen) ..... 'n afskrif van welke dokument hierby aangeheg is;

(2) dat by versuim van betaling, hy of sy hierby opgeroep word om voor hierdie hof  
 persoonlik of deur 'n advokaat of deur 'n prokureur wat kragtens artikel 4(2) van die Wet  
 op die Reg op Verskyning in Howe, 1995 (Wet No. 62 van 1995), die reg op verskyning in  
 die Hooggeregshof het, te ..... op ..... die ..... dag van  
 ..... [19] 20.... om ..... (tyd) in die voormiddag (of so spoedig daarna as wat die  
 saak verhoor kan word) te verskyn om sy of haar aanspreeklikheid vir die genoemde eis  
 te erken of te ontken en te vermeld waarom die eiendom wat aan die verband onderworpe  
 is, nie uitwinbaar verklaar behoort te word nie;

(3) dat indien hy of sy aanspreeklikheid ontken hy of sy nie later as middag op die  
 ..... dag van ..... [19] 20..... 'n beëdigde verklaring by die griffier van  
 hierdie hof moet indien waarvan hy of sy 'n afskrif aan die eiser se prokureur moet beteken,  
 en waarin hy of sy die gronde van sy of haar verweer teen die eis uiteensit en in die  
 besonder vermeld of hy of sy erken of ontken dat dit sy of haar of sy of haar  
 verteenwoordiger se handtekening is wat op die genoemde ..... verskyn, en as dit sy  
of haar verteenwoordiger s'n is, of hy of sy dié se magtiging erken of ontken.  
 EN STEL die genoemde verweerder verder in kennis dat indien hy of sy nie die voormelde  
 bedrag en rente onmiddellik aan die eiser betaal nie en indien hy of sy (die genoemde  
 verweerder) ook versuim om 'n beëdigde verklaring soos hierbo bedoel, in te dien en voor  
 hierdie hof op die bogemelde tyd te verskyn, voorlopige vonnis onverwyld met koste teen  
 hom of haar toegestaan kan word en die eiendom wat aan die verband onderhewig is,  
 uitwinbaar verklaar kan word, maar dat by betaling van die genoemde bedrag, rente en  
 koste, hy of sy geregtig sal wees om sekuriteit vir die terugbetaling daarvan te eis vir geval  
 die vonnis daarna tersyde gestel sou word.

28

EN beteken 'n afskrif van hierdie dagvaarding en van die genoemde ..... aan die verweerder en lewer dan hierdie dagvaarding aan die griffier terug met u relaas van wat u daaromtrent gedoen het.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van .....  
[19] 20.....

.....  
Griffier van die Hooggeregshof

.....  
Eiser se prokureur

Adres vir betekening:

.....  
.....  
.....";

(d) deur Vorm 7 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 7  
KENNISGEWING AAN DERDE PARTY**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

In die aangeleentheid tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

en

..... Derde Party

**AAN DIE BOGENOEMDE DERDE PARTY:**

NEEM KENNIS dat die bogenoemde eiser 'n geding teen die bogenoemde verweerder ingestel het vir die regshulp in die dagvaarding uiteengesit, 'n afskrif waarvan hiermee aan u beteken word.

Die bogenoemde verweerder eis 'n bydrae of skadeloosstelling (of so 'n ander grond as wat voldoende is om 'n derdepartykennisgewing te regverdig) op die gronde in die aanhangsel hiervan uiteengesit.

As u daardie gronde betwis of die vordering van die eiser teen die verweerder betwis, moet u binne ..... dae kennis gee van u voorneme om te verdedig. Die kennisgewing moet skriftelik wees en by die griffier ingedien word en 'n afskrif daarvan moet aan die bogenoemde verweerder by die adres onderaan hierdie kennisgewing vermeld, beteken word. Daarin moet 'n adres (nie synde 'n posbus of poste restante nie) soos in reël 6(5)(b) bedoel vir die betekening aan u van kennisgewings en dokumente in die geding, aangegee word. Binne 20 dae nadat u aldus kennis gegee het, moet u 'n pleit op die eiser se vordering teen die verweerder of 'n pleit op die verweerder se vordering teen u, of beide sodanige pleite, indien.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19]  
20.....

.....  
Verweerder se Prokureur (Adres)

Aan .....

en aan .....

Eiser se Prokureur,  
(Adres)";

(e) deur Vorm 8 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 8  
KENNISGEWING AAN BEWEERDE VENNOOT**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saakno.....

In die aangeleentheid tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

Aan: A ..... B .....

NEEM KENNIS dat 'n aksie deur bogenoemde eiser teen bogenoemde verweerder om die bedrag van ..... ingestel is en dat daar beweer word dat bogenoemde verweerder 'n vennootskap is waarvan u vanaf ..... tot ..... 'n vennoot was.

Indien u dit betwis dat u 'n vennoot was of indien u beweer dat geen aanspreeklikheid as vennoot in bogenoemde tydperk teen u ontstaan het nie, moet u binne 10 dae na die betekening van hierdie kennisgewing kennis gee van voorneme om te verdedig. Nadat u aldus kennis gegee het, sal 'n afskrif van die dagvaarding wat aan bogenoemde verweerder beteken is, aan u beteken word.

Om aldus kennis te gee, moet u 'n kennisgewing waarin vermeld word dat u voornemens is om te verdedig by die griffier indien en 'n afskrif daarvan aan die eiser by die adres hier onderaan vermeld, beteken. In u kennisgewing moet 'n adres (nie synde 'n posbus of poste restante nie) soos in reël 6(5)(b) bedoel vir die betekening aan u van kennisgewings en dokumente in die aksie, aangegee word. Tensy u al hierdie dinge doen, sal u kennisgewing ongeldig wees.

Daarna moet u 'n pleit indien waarin u kan betwis dat u 'n vennoot was of kan aanvoer dat die hierbo beweerde tydperk nie ter sake is nie of dat die verweerder aanspreeklik is, of al drie hierdie verwere.

Indien u nie aldus kennis gee nie sal dit u nie vrystaan om enige van bogenoemde verwere te opper nie. Indien die genoemde verweerder aanspreeklik bevind word, sal u blootstaan aan die uitreiking van 'n lasbrief vir uitwinning teen u indien die verweerder se bates uitgewin is en onvoldoende is.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19]  
20.....

Prokureur vir .....

.....  
.....

(Adres)

(N.B. In aansoekverrigtinge moet hierdie vorm paslik gewysig word.);

(f) deur Vorm 11 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 11  
BLOOTLEGGING – VORM VAN BEËDIGDE VERKLARING**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

31

(..... AFDELING)

Saak No. ....

In die saak tussen:

A.B. .... Eiser

en

C.D. .... Verweerder

Ei, C.D., die bogenoemde verweerder, verklaar onder eed:

(1) Ek het in my besit of onder my beheer die dokumente betreffende die geskilpunte in hierdie aksie wat in die eerste en tweede dele van die eerste aanhangsel hiervan aangegee word.

(2) Ek maak beswaar teen die blootlegging van die dokumente in die tweede deel van die aanhangsel aangegee.

(3) My beswaar berus daarop dat ..... (vermeld hier op watter gronde die beswaar gemaak word en bevestig die feite sover moontlik).

(4) Ek het die dokumente betreffende die geskilpunte in hierdie aksie wat in die tweede aanhangsel aangegee word, in my besit of onder my beheer gehad maar nie nou meer nie.

(5) Laasgenoemde dokumente was laas in my besit of onder my beheer..... (vermeld wanneer).

(6) Die ..... (vermeld hier wat van laasgenoemde dokumente geword het en in wie se besit hulle nou is).

(7) Na die beste van my wete het ek geen ander dokument of afskrif of uittreksel daarvan wat betrekking het op enige geskilpunt in hierdie aksie, as dié in die eerste en tweede aanhangsels hiervan aangegee, nou in my besit, bewaring of beheer of in die besit, bewaring of beheer van my prokureur of gevolmagtigde nie, of van enige ander persoon namens my nie, en ek het ook nooit gehad nie.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van .....  
[19] 20 .....

.....  
Verweerder”;

(g) deur Vorm 12 deur die volgende Vorm te vervang:

**“VORM 12  
KENNISGEWING INGEVOLGE REËL 35(5)**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No. ....

In die saak tussen:

A. B. .... Eiser

en

C. D. .... Verweerder

Aan: .....

Geliewe kennis te neem dat die bogenoemde eiser verlang dat u binne 15 dae by die ondergemelde adres 'n skriftelike verklaring aflewer waarin uiteengesit word watter dokumente van die volgende aard u tans in u besit het of voorheen gehad het:

- (a) .....
- (b) .....
- (c) .....
- (d) .....

In die verklaring moet u breedvoerig aangee watter dokumente nog in u besit is. Indien u nie meer enige van sodanige dokumente wat voorheen in u besit was, het nie, moet u meld in wie se besit hulle nou is.

Indien u versuim om die kennisgewing binne die voormelde tydperk af te lewer, sal aansoek by die hof gedoen word om 'n bevel waarby u verplig word om dit te doen en u gelas word om die koste van die aansoek te betaal.

GEDATEER te ..... hierdie dag van .....  
[19] 20 .....

.....  
Eiser se prokureur  
(Adres)";

(h) deur Vorm 13 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 13  
BLOOTLEGGING – KENNISGEWING OM VOOR TE LÊ**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No. ....

In die aangeleentheid tussen:

..... Eiser

33

en

..... Verweerder

NEEM KENNIS dat die ..... (eiser of verweerder) verlang dat u binne vyf dae die volgende dokumente wat in u beëdigde verklaring gedateer die .....dag van .....[19] 20 .... aangegee word, ter insae voorlê.

(Beskryf dokumente verlang)

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19] 20

.....

.....  
Prokureur vir.....  
.....  
.....

(Adres)

Aan: .....

Prokureur vir die .....

.....  
.....

(Adres)";

(i) deur Vorm 14 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 14****BLOOTLEGGING – KENNISGEWING DAT DOKUMENTE INGESIEN KAN WORD**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

34

NEEM KENNIS dat u die dokumente in u kennisgewing van die ..... dag van ..... [19] 20..... genoem, by my kantoor of te ..... tussen die ure van ..... en ..... op die volgende dae kan insien.

(of)

Dat die (eiser of verweerder) beswaar maak teen die voorlegging van die dokumente in u kennisgewing van die ..... dag van ..... [19] 20... genoem, vir insae deur u, op grond daarvan dat ..... (Vermeld die gronde)

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19] 20 .....

.....  
Prokureur vir .....  
(Adres)

Aan: .....  
Prokureur vir die .....  
(Adres)";

(j) deur Vorm 15 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 15  
BLOOTLEGGING – KENNISGEWING OM DOKUMENTE IN PLEITSTUKKE ENS,  
VOOR TE LÊ**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

NEEM KENNIS dat die eiser (of verweerder) verlang dat u hom of haar ter insae die volgende dokumente in u ..... (deklarasie of pleit of beëdigde verklaring) genoem, voorlê.

.....  
.....

(Beskryf dokumente vereis)

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van  
 ..... [19] 20 .....

.....  
 Prokureur vir .....  
 (Adres)

Aan: .....  
 Prokureur vir die .....  
 (Adres)";

(k) deur Vorm 16 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 16  
 DAGVAARDING**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
 (..... AFDELING)

Saakno.....

In die aangeleentheid tussen:

.....  
 Eiser

en

.....  
 Verweerder

Aan die balju of adjunk:  
 STEL:

.....  
 .....

*(Vermeld naam, [geslag,] beroep en besigheids- of woonplek van elke getuie)*  
 in kennis dat elkeen van die persone hierby gelas word om persoonlik voor die  
 bogenoemde hof te ..... te verskyn op ..... die  
 ..... dag van ..... 20....., om ..... (tyd) en om daarna aanwesig  
 te bly totdat die persoon deur die hof verskoon word, ten einde getuie af te lê namens  
 die bogemelde eiser/verweerder aangaande sake waarvan die persoon kennis dra  
 betreffende 'n aksie nou in die genoemde hof hangende, waarin die eiser van die  
 verweerder

- (1) .....
  - (2) .....
  - (3) .....
- Vorder.

**EN STEL [elk van die genoemde persone in kennis dat daar van] ELK VAN DIE  
GENOEMDE PERSONE IN KENNIS DAT:**

CONTINUES ON PAGE 130 OF BOOK 2

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za  
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065



# Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

*Regulation Gazette*

**No. 11581**

*Regulasiekoerant*

Vol. 695

12

May  
Mei

2023

No. 48571

**PART 2 OF 2**

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

[die] Die persoon verlang word om die volgende dokumente of voorwerpe beskikbaar te stel:

- (1) .....  
 (2) .....  
 (3) .....

By die aanhoor van die saak, kan die vermelde persoon/persone aanspraak maak op privilegie wanneer hy of sy geroep word om getuienis te lewer ten opsigte van die getuienis wat aangebied staan te word en/of die dokumente of goed wat verstrekk staan te word, maar sodanige dokumente en/of goed wat hierin gelys word, moet na die Hof gebring word en moet in daardie persoon se besit wees hangende die vasstelling van enige aanspraak op privilegie.

Daardie persoon of persone kan afstand doen van privilegie, maar indien die persoon voornemens om op privilegie aanspraak te maak ten opsigte van die verstrekking van enige dokument of goed, moet die vermelde persoon die party wat die dagvaarding laat uitreik het, so gou as moontlik voor die verhoordatum, inlig van die aard van privilegie waarop aanspraak gemaak word.

EN STEL elk van die genoemde persone verder in kennis dat die persoon in geen omstandighede moet versuim om aan hierdie getuedagvaarding te voldoen nie aangesien die persoon daardeur aan 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens drie maande blootgestel kan word.

Gedateer te ..... op hede die ..... dag van .....  
 20.....

.....  
 Griffier van die Hooggeregshof

.....  
 Eiser/Verweerde/Prokureur".

(/) deur Vorm 18 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 18  
 LASBRIEF TOT UITWINNING**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
 (..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

Aan die balju vir die distrik .....

U word hierby gelas om op die roerende goed van....., die bogenoemde verweerder van .....(adres)....., beslag te lê en dit by openbare veiling uit te win tot 'n bedrag van .....tesame met rente daarop teen ..... persent per jaar vanaf die .....dag van .....[19] 20.... plus die bedrag van .....vir die getakseerde koste en uitgawes van die genoemde.....(eiser) wat hy of sy by uitspraak van hierdie hof gedateer die .....dag van ..... [19] 20.....in die bogenoemde saak verhaal het, en ook alle ander koste en uitgawes van die eiser in die genoemde saak wat hierna regtens behoorlik getakseer word, benewens al u koste daarby aangegaan.

Betaal verder aan die genoemde .....of sy prokureur die bedrag of bedrae aan hom of haar verskuldig met koste soos voormeld. WAARVOOR dit u lasbrief is.

En lewer hierdie lasbrief terug met 'n relaas van wat u daaromtrent gedoen het.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van .....  
[19] 20 ....

.....  
Griffier van die Hooggeregshof

.....  
Eiser se Prokureur  
(Adres)";

(m) deur Vorm 19 deur die volgende Vorm te vervang:

**"FORM 19  
VORM VAN SEKERHEIDSTELLING INGEVOLGE REËL 45(5)**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

NADEMAAL uit hoofde van 'n sekere lasbrief van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, .....Afdeling, gedateer die .....dag van .....[19] 20....., uitgereik op instansie van A.B. teen C.D. van ....., die balju die ondergenoemde artikels geneem en daarop beslag gelê het, naamlik:

10 osse  
1 ploeg  
1 eg  
ens., ens., ens.

DERHALWE verbind ons, die genoemde C.D. en G.H., van ..... 'n .....(beroep), as borg vir hom of haar, onself gesamentlik en afsonderlik deur hierby teenoor die genoemde balju of sy of haar sessionarisse, regverkrygendes of opvolgers, te onderneem dat die genoemde goed nie verwyder sal word nie maar in die besit van die genoemde C.D. onder beslaglegging sal bly en aan die genoemde balju (of ander persoon deur hom of haar gemagtig om dit te ontvang) oorhandig sal word op die .....dag van .....[19] 20.....(die dag vir die verkoping bepaal) of op enige ander dag wanneer dit benodig mag word vir verkoping, tensy die genoemde beslaglegging regtens opgehef word. Vir die geval dat hierdie onderneming nie nagekom word nie, verbind ek, die genoemde G.H., myself en my goed hierby, ter betaling van die bedrag van .....(geskatte waarde van die inbeslaggenome goed) aan die genoemde balju, sy of haar sessionarisse, regverkrygendes of opvolgers, ten behoeve van die genoemde A.B. As getuie waarvan ons, die genoemde C.D. en G.H., hierdie stuk onderteken op hierdie .....dag van .....[19] 20.....

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19] 20 .....

C.D.  
Vonnisskuldenaar

G.H.  
Borg

.....  
Adjunk-balju

#### OORDRAG VAN BORGAKTE

Ek, ....., in my hoedanigheid as balju vir die distrik ....., sedeer en dra aan A.B. oor al my regte, titel en belang in die voorgaande borgakte.

Onderteken deur my in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies te .....hierdie .....dag van ..... [19] 20.....

39

Adjunk-balju .....

As getuies:

1. ....
2. ....";

(n) deur Vorm 20 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 20  
LASBRIEF TOT BESLAGLEGGING – ONROERENDE GOED**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No. ....

In die saak tussen:

..... Eiser

en

..... Verweerder

Aan die adjunk-balju vir:

Die distrik van .....

NADEMAAL u gelas is om die bedrag van .....in te vorder ter voldoening van 'n vonnisskuld en koste deur A.B. teen die genoemde C.D. in hierdie hof op die .....dag van ..... [19] 20....., verkry.

EN NADEMAAL u in u relaas vermeld het dat ..... (gee hier die balju se relaas op die lasbrief teen roerende goed).

DERHALWE word u gelas om op die onroerende goed van die genoemde C.D., synde .....(gee hier 'n beskrywing van die eiendom) ..... beslag te lê en dit uit te win om daaruit die bedrag van ..... tesame met die koste hiervan en van die vorige lasbrief ten bedrae van ..... en u uitgawes in verband daarmee te verkry en om daarna met die opbrengs ooreenkomstig Hofreël 45 te handel.

WAARVOOR dit u lasbrief is,

GEDATEER te..... hierdie ..... dag van ..... [19]  
20 .....

.....  
Griffier van die Hooggeregshof

.....  
 .....  
 Eiser se Prokureur  
 (Adres)"; en

(o) deur Vorm 21 deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM 21  
 VERKOOPSVOORWAARDES BY UITWINNING VAN ONROERENDE GOED**

*Insake:*

.....Uitwinningskuldeiser

en

.....Vonnisskuldenaar

Die onroerende eiendom (hierna die "eiendom" genoem) wat te koop aangebied sal word op die ..... dag van..... 20 , bestaan uit:

.....

Die verkoping sal volgens die volgende voorwaardes gehou word::

1. Die verkoping word behoudens die bepaling van die Eenvormige Hofreëls en alle ander toepaslike wetsbepalinge gehou word.
2. Die eiendom sal deur die balju van ..... te ..... aan die hoogste bieder sonder 'n reserweprys/onderhewig aan 'n reserweprys van ..... verkoop word.
3. Die verkoping geskied in rande en geen bod van minder as eenduisend rand sal aanvaar word nie.
4. Indien 'n geskil betreffende 'n bod ontstaan, kan die eiendom weer vir verkoping aangebied word.
5. (a) Indien die balju 'n fout by die verkoping maak, is so 'n fout nie op enige van die partye bindend nie maar kan dit reggestel word.  
 (b) Indien die balju vermoed dat 'n bieder nie in staat is om of die deposito wat in voorwaarde 7 genoem word of die balans van die koopprys te betaal nie, kan die balju weier om die bod van so 'n bieder te aanvaar of kan hy dit voorwaardelik

aanvaar totdat die bieder die balju oortuig dat die beider in staat is om die deposito en die balans van die koopprys te betaal.

(c) By die weiering van 'n bod in die omstandighede in paragraaf (b) bedoel, kan die eiendom onmiddellik weer vir verkoping aangebied word.

6. (a) Die koper moet so spoedig doenlik na die verkoping en onmiddellik wanneer deur die balju versoek, hierdie voorwaardes onderteken.

(b) Indien die koper as verteenwoordiger koop, moet die koper die naam van die prinsipaal of persoon namens wie die eiendom gekoop word, bekendmaak.

7. (a) Die koper moet 'n deposito van 10 persent van die koopprys kontant of per bankgewaarborgde tjek op die dag van die verkoping aan die balju betaal.

(b) Die balans word teen transport betaal en verseker deur 'n waarborg uitgereik deur 'n finansiële instelling deur die vonnisskuldeiser of sy of haar prokureur goedgekeur, en die waarborg moet binne ..... dae na die datum van die verkoping aan die balju verstrek word.

8. (a) As die koper versuim om enige verpligting van die koper ingevolge die verkoopsvoorwaardes na te kom, kan die koop summier deur 'n regter op grond van 'n verslag van die balju en na behoorlike kennisgewing aan die koper, gekanselleer word en die eiendom kan weer te koop aangebied word.

(b) Indien die omstandighede in paragraaf (a) voorkom, is die koper aanspreeklik vir verliese gelyk vanweë sodanige versuim en dit kan op aansoek van 'n benadeelde skuldeiser [**wie se naam op die balju se distribusierekening verskyn**] in subparagrafe (i) en (ii) van Reël 46(14)(c) bedoel, van die koper verhaal word kragtens vonnis van 'n regter wat op grond van 'n skriftelike verslag van die balju gegee word nadat die koper skriftelik in kennis gestel is dat so 'n verslag vir daardie doel voor die regter gelê sal word.

(c) As die koper reeds in besit van die eiendom is, kan die balju met sewe dae kennisgewing by 'n regter 'n bevel kry wat die koper of iemand wat voorgee die eiendom deur die koper te okkupeer of die eiendom andersins okkupeer, uitsit..

9. (a) Die koper moet onmiddellik op aandrang die balju se kommissie betaal, wat soos volg bereken word:.....;

(b) Die koper is aanspreeklik om, binne 10 dae nadat die koper deur die aangestelde aktebesorger versoek is om dit te doen, die volgende te betaal:

(i) Alle bedrae verskuldig aan die munisipaliteit wat die eiendom bedien, ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), vir

munisipale diensgelde, ekstra betalings op gelde, eiendombelasting en ander munisipale belastings, heffings en regte wat aan 'n munisipaliteit verskuldig kan wees, en waar van toepassing;

(ii) Alle heffings verskuldig aan 'n regs persoon ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986) of bedrae verskuldig aan 'n huiseienaars- of ander vereniging wat dienste aan die eiendom lewer.

(iii) Die koste van transport, met inbegrip van aktebesorgingsgeld, hereregte en enige ander bedrag nodig vir die oordrag van transport na die koper.

10. (a) Die eiendom kan na ondertekening van verkoopsvoorwaardes, betaling van die deposito en wanneer die balans van die koopprys ingevolge voorwaarde 7(b) gewaarborg is in besit geneem word.

(b) Indien die koper besit van die eiendom neem, is die koper aanspreeklik vir okkupasiehuur teen die koers van R ..... per maand van ..... tot datum van transport.

(c) Wanneer die koper besit (okkupasie) neem, is die eiendom op die risiko en tot voordeel van die koper.

(d) Die vonnisskuldeiser en die balju gee geen waarborg dat die koper persoonlike en/of vakante okkupasie van die eiendom sal kan kry nie of dat die eiendom nie geokkuppeer is nie.

11. (a) Die koper is geregtig om onverwyld transport te kry by betaling van die hele koopprys en by voldoening aan voorwaarde 9. Anders sal transport gegee word eers nadat die koper voorwaardes 7 en 9 hiervan nagekom het.

(b) Indien die transport deur die koper verplaas word, is die koper aanspreeklik vir rente teen die koers van ..... persent per jaar op die koopprys.

12. (a) Die balju kan eis dat enige verbetering op die verkoopte eiendom onmiddellik deur die koper vir die volle waarde daarvan verassureer word, bewys van assuransië aan die balju gegee word en sodanige assuransiëpolis van krag gehou word totdat transport geregistreer is.

(b) Sou die koper versuim om aan die verpligtinge in paragraaf (a) te voldoen, kan die balju die nodige assuransië uitneem en die koste van daardie assuransië sal op die koper se koste wees.

13. (a) Die eiendom word verkoop soos deur die titelaktes en kaart of deelplan voorgestel, behoudens alle serwitute en voorwaardes van vestiging, watter ook al op die eiendom van toepassing is.

(b) Die balju is nie aanspreeklik vir enige tekort wat op die eiendom gevind mag word nie.

14. Die vonnisskuldeiser stel 'n aktebesorger aan om die transport van die eiendom na die koper te behartig: Met dien verstande dat die balju geregtig sal wees om 'n nuwe aktebesorger aan te stel sou die aktebesorger deur die vonnisskuldeiser aangestel nie betyds of bevredigend met die transport voortgaan nie.

Te ..... hierdie ..... dag van .....  
20.....

.....Balju

Ek sertifiseer dat die voormelde eiendom vandag vir .....  
aan ..... in my teenwoordigheid verkoop is:  
.....  
.....  
.....

Ek, die ondergetekende, ....., woonagtig te ..... in die  
distrik ..... verbind my hierby as koper van die voormelde eiendom om  
die koopprys te betaal en om al die bogenoemde voorwaardes na te kom.”

#### Wysiging van die Tweede Bylae by die Reëls

23. Die Tweede Bylae by die Reëls word hierby gewysig—

(a) deur Vorm A deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM A  
LASBRIEF TOT UITWINNING – ROERENDE GOED, VOORLOPIGE VONNIS**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

A .B. .... Eiser

en

C.D. .... Verweerder

Aan die balju:

Vir die distrik .....

U word hierby gelas om op die roerende goed van C.D., die bogenoemde verweerder, van .....(adres) .....beslag te lê en dit by openbare veiling uit te win tot die bedrag van ..... tesame met rente daarop teen ..... persent per jaar vanaf die .....dag van .....[19] 20..... en die bedrag van .....vir die getakseerde koste en uitgawes van die genoemde A.B. wat hy of sy by voorlopige vonnis van hierdie hof verhaal het op die .....dag van .....[19] 20....., asook alle ander koste en uitgawes van die genoemde eiser in die genoemde aksie wat hierna regtens getakseer word, benewens al u koste daarby aangegaan en ook twee rand tien sent as die verweerder sekerheid de restituendo vereis; en verder om aan die genoemde A.B. of sy of haar prokureur die bedrag of bedrae aan hom of haar verskuldig met koste soos voormeld te betaal na die stelling van voldoende sekerheid (indien vereis) deur hom of haar vir die teruggawe daarvan indien die vonnis in die prinsipale saak ter syde gestel word. WAARVOOR dit u lasbrief is.

EN lewer hierdie lasbrief terug met 'n relaas van wat u daaromtrent gedoen het.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19] 20  
.....

.....  
Griffier

.....  
.....  
.....  
Eiser se Prokureurs  
(Adres)";

(b) deur Vorm B deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM B  
LASBRIEF VIR BESLAGLEGGING - VOORLOPIGE VONNIS ONROERENDE GOED  
UITWINBAAR VERKLAAR**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

45

A.B. .... Eiser

en

C.D. .... Verweerder

Aan die balju:

Vir die distrik van .....

U word hierby gelas om beslag te lê op sekere ..... (gee hier die volledige beskrywing van die eiendom) wat by 'n vonnis van hierdie hof gedateer die .....dag van ..... [19] 20..... spesiaal uitwinbaar verklaar is ter betaling van die bedrag ..... en rente daarop teen..... persent per jaar vanaf die ..... dag van ..... [19] 20... tot die datum van betaling wat A.B. by die genoemde voorlopige vonnis van die genoemde C.D. verhaal het, tesame met die bedrag van ..... vir die getakseerde koste en uitgawes van die genoemde A.B. en daarbenewens twee rand tien sent as die verweerder sekerheid de restituendo vereis, en ook die bedrag van ..... synde die getakseerde koste van hierdie lasbrief benewens al u koste daarby aangegaan, en betaal aan die genoemde A.B., of sy of haar prokureur die bedrag of bedrae aan hom of haar verskuldig met koste soos voormeld na die stelling van voldoende sekerheid (indien vereis) deur hom of haar vir die teruggawe daarvan indien die genoemde vonnis in die prinsipale saak ter syde gestel word. WAARVOOR dit u lasbrief is.

EN lewer hierdie lasbrief terug met 'n relaas van wat u daaromtrent gedoen het.

GEDATEER te ..... op hierdie ..... dag van .....  
[19] 20.....

.....  
Griffier

.....  
.....  
.....  
Prokureur vir Eiser.  
(Adres)";

(c) deur Vorm C deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM C  
SEKURITEITSAKTE NA TENUITVOERLEGGING VAN VOORLOPIGE VONNIS  
WANNEER DIE VERWEERDE VOORNEMENS IS OM TOT DIE PRINSIPALE SAAK  
OOR TE GAAN**

NADEMAAL op die .....dag van .....[19] 20..... aan  
 .....(eiser van) ..... deur die .....Afdeling van die  
 Hooggeregshof van Suid-Afrika voorlopige vonnis vir die bedrag van .....met rente en  
 koste teen C.D. toegestaan is en nademaal die balju uit hoofde van die vonnis die bedrag  
 van ..... ingevorder het, en nademaal die  
 genoemde C.D. vereis het dat sekerheid gestel word vir die teruggawe daarvan indien die  
 vonnis in die prinsipale saak ter syde gestel sou word:

SY DIT HIERMEE kennelik dat ek, A.B., van .....verbind is aan C.D. van  
 .....vir die bedrag van ....., betaalbaar aan die genoemde C.D., sy of haar  
 eksekuteurs, administrateurs of regverkrygendes, vir die behoorlike betaling waarvan ek  
 myself, my erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regverkrygendes hiermee onder  
 voorwaardelike verpligting stel.

DIE VOORWAARDE van hierdie aanspreeklikheid is dat die genoemde vonnis in die  
 prinsipale saak ter syde gestel word, in welke geval die genoemde balju aan die  
 genoemde C.D., sy erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regverkrygendes die  
 bedrag van ..... of so 'n deel daarvan as wat die hof mag vasstel, betaal.

INDIEN die genoemde vonnis bekragtig word of indien die genoemde C.D. nie verskyning  
 om te verdedig binne twee maande vanaf die datum van die voormelde vonnis aanteken  
 nie, sal hierdie akte van nul en gener waarde wees.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19]  
 20....

AS GETUIES:

.....  
 .....  
 .....,

(d) deur Vorm E deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM E  
 LASBRIEF TOT UITSETTING**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
 (..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

A .B. .... Eiser (Applikant)

en

C .D. .... Verweerder (Respondent)

NADEMAAL A.B., .....(beroep en adres) ..... 'n bevel in die .....Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika op die .....dag van .....[19] 20..... teen C.D. ....(beroep en adres)..... verkry het waarby bevel is dat hy of sy en alle persone wat voorgee dat hulle 'n besitreg van hom of haar afelei, uitgesit word uit ..... (meld eiendom of persele waaruit verweerder gesit moet word) ..... tans geokkupeer deur die genoemde C.D. soos dit uit die stukke blyk

DERHALWE word u gelas om die genoemde C.D. en alle persone wat voorgee dat hulle 'n besitreg van hom of haar afelei, en sy of haar goedere en besittings, uit te sit uit die grond of perseel en dit dan te verlaat sodat die genoemde A.B. dit vreedsaam kan betrek en in besit kan neem.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19] 20  
.....

Griffier

.....  
.....  
.....

Eiser se prokureurs  
(Adres)";

(e) deur Vorm F deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM F  
LASBRIEF TOT GEVANGESSETTING WEENS MINAGTING VAN DIE HOF**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

A .B. .... AppliKant

en

C.D. .... Respondent

(1) Aan die Balju van die Provinsie ..... of **[sy]** die wettige adjunk.  
NADEMAAL dit volgens die stukke blyk dat hierdie hof op die .....dag van .....[19] 20 ..... 'n bevel toegestaan het:  
(verstrek besonderhede van hofbevel)

EN NADEMAAL dit verder volgens die stukke blyk dat hierdie hof op die .....dag van .....[19] 20.....'n bevel toegestaan het vir die gevangesetting van die respondent weens minagting van die hof deurdat hy of sy versuim het om aan die voormelde hofbevel te voldoen, op die volgende wyse:

(Meld hier op welke wyse hy of sy versuim het)

WORD u hierby gelas om C.D. van ..... in die Provinsie ....., indien hy of sy in daardie provinsie gevind word, te neem en hom of haar aan die bewaarder van die gevangenis van die distrik waarin hy of sy gevind word, tesame met 'n behoorlik gewaarmerkte afskrif van hierdie lasbrief te oorhandig, waar hy of sy veilig aangehou moet word vir 'n tydperk van ..... vanaf die datum waarop hy of sy kragtens hierdie lasbrief in genoemde gevangenis aangehou word, of totdat hy of sy op 'n ander wyse regtens ontslaan word.

EN lewer hierdie lasbrief terug met 'n relaas van wat u daaromtrent gedoen het.

(2) Aan die Bevelvoerder van die Gevangenis aan wie die balju hierdie lasbrief oorhandig:

U word hierby gelas om genoemde C.D. te ontvang en hom of haar veilig aan te hou vir 'n tydperk van .....vanaf die datum waarop die genoemde C.D. kragtens hierdie lasbrief in genoemde gevangenis ontvang word of totdat hy of sy andersins regtens ontslaan word.

GEDATEER te ..... hierdie ..... dag van ..... [19] 20.....

Griffier

.....  
.....  
Eiser se Prokureurs";

(f) deur Vorm H deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM H**  
**LASBRIEF TOT BESLAGLEGGING OM JURISDIKSIE TE VESTIG**  
**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**  
(..... AFDELING)

Saak No .....

In die saak tussen:

A .B ..... Eiser

en

C.D. .... Verweerder

Aan die balju vir die distrik .....

U word hierby gelas ingevolge 'n bevel van die ..... Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, gedateer die ..... dag van ..... [19] 20..... om onverwyld beslag te lê op ..... (meld eiendom) ..... tans te ..... (adres) ....., vir die vestiging van jurisdiksie van die genoemde hof in die aksie van A.B. teen C.D. van ..... (adres van respondent) ..... vir ..... (meld skuldoorsaak) .....; waarvoor dit u lasbrief is.

EN lewer hierdie lasbrief terug met 'n relaas van wat u daaromtrent gedoen het.

GEDATEER te ..... op hierdie ..... dag van ..... [19] 20.....

.....  
Griffier

.....  
Applikant se Prokureur  
(Adres)

OPMERKING: Die balju kan nie bloot uit hoofde van die hofbevel beslag lê nie; daar moet 'n lasbrief soos hierbo aan hom of haar gegee word";

(g) deur Vorm I deur die volgende Vorm te vervang:

**"VORM I  
WAARMERKING VAN HANDTEKENING**

**AAN WIE DIT MAG AANGAAN:**

Ek (griffier se volle naam), Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, .....Afdeling, sertifiseer hierby dat .....(notaris of prokureur se volle naam) ..... wie se handtekening op die aangehegte dokument gemerk A, verskyn, 'n notaris of prokureur is wat kragtens wettige gesag behoorlik ingesweer en toegelaat is\* en wat as sodanig in hierdie provinsie praktiseer en dat alle aktes, stukke, dokumente en geskrifte deur hom of haar in daardie hoedanigheid onderteken as volkome betroubaar en geloofwaardig beskou word in hierdie provinsie, sowel in die hof as daarbuite.

GEGEE onder my hand en ampseël te .....in die Provinsie .....op hierdie .....dag van .....in die jaar [eenduisend negehoonderd] tweeduisend .....

50

.....  
Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Seël)

.....  
Afdeling

\* Indien die notaris of prokureur 'n beëdigde verklaring afgeneem het, voeg by "en as sodanige Kommissaris van Ede."; en

(h) deur Vorm J deur die volgende Vorm te vervang:

**"FORM J**

**SERTIFIKAAT VAN BETEKENING VAN BUITELANDSE PROSESSTUKKE**

Ek, ....., Griffier van die ..... Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, verklaar hierby dat die volgende stukke aangeheg is:

- (1) die oorspronklike versoek om betekening van 'n prosesstuk of sitasie ontvang van ..... (staat, gebied of hof) in die saak tussen .....en .....
- (2) die prosesstuk wat die versoek vergesel het;
- (3) die bewys van betekening aan ....., die persoon in die versoek om betekening genoem, tesame met die bevestigende sertifikaat van .....

Ek verklaar ook dat die betekening en die bewys daarvan voldoen aan die praktyk en reëls van hierdie Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

Ek verklaar verder dat die koste van die betekening, behoorlik deur die takseermeester van hierdie Afdeling bevestig, die som van R..... bedra.

GEGEE ONDER MY HAND EN AMPSEËL, TE ..... OP HIERDIE  
.....DAG VAN ..... [19] 20.....

.....  
Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Seël)

.....  
Afdeling".

**Inwerkingtreding**

24. Hierdie reëls tree in werking op 19 Junie 2023.